



'N UNIOORD PREEKREEKS

BEGIN BY DIE
BEGIN

15 FEB - 22 MRT





GROEI
GROEPE

16 FEB - 23 MRT

BEGIN BY DIE
BEGIN



WAAR BEGIN EK?

Dit is altyd lekker om 'n nuwe jaar af te skop en om so 'n nuwe begin te maak. Dit is wat ons met hierdie reeks ook wil doen: om 2026 reg te begin. Mag hierdie dan die begin van 'n groot jaar wees, vol pret en verrassings, groei en ook diepte. As jy vanjaar eerstejaar is, is hierdie die begin van die heel beste tyd van jou lewe. Jy gaan nuwe vriende maak, nuwe dans moves leer, nuwe vryheid smaak, laataand kuier, hopelik jou studies geniet en waarskynlik ook harder leer as ooit tevore. Geniet elke oomblik! Seniors maak ook 'n nuwe begin met nuwe vakke, verhoudings, dalk blyplek of graad ... en 'n nuwe poging om vanjaar ingenieurswiskunde deur te kom.

PREEKREEKS GIDS

- ✓ **WOON ONS DIENSTE BY** (Sondae 09:30 / 19:00)
- ✓ **PERSOONLIKE STILTETYD** Jou eie roetine
- ✓ **GROEIGROEPE** Sien skedule
- ✓ **PRAKTIESE UITDAGING** Youversion





Ons gaan vanjaar die Bybel ook by die begin oopmaak.

Genesis, die heel eerste boek van die Bybel, beteken letterlik "begin" of "bron" in die oorspronklike Grieks.

Ons gaan vanjaar die Bybel ook by die begin oopmaak. Genesis, die heel eerste boek van die Bybel, beteken letterlik "begin" of "bron" in die oorspronklike Grieks. Ons gaan lees uit die eerste 11 hoofstukke, wat bekend staan as die "oergeskiedenis", omdat hierdie stokou stories die begin van die wêreld en die patrone van mense beskryf. Jy ken die verhare nog uit jou kinderbybel, maar ons gaan jou leer om nou as volwassene nuut hierna te kyk – dalk verbaas te wees oor die wonderlike verrassings en beloftes in die teks.

Ons gaan dus probeer om elk ons eie begin, die Bybelse begin en God as die begin bymekaar te bring oor ses weke:

WEEK 1 (15 FEB):

Wat skep God? (Gen 1)
– Anuschka Smit

WEEK 2 (22 FEB):

Nog een? (Gen 2
Skeppingsverhaal 2.0)
– Christian Oberholzer

WEEK 3 (1 MRT):

Vrot appel (Gen 3)
– Arno Meiring

WEEK 4 (8 MRT):

Oppas! (Gen 4)
– Anuschka Smit

WEEK 5 (15 MRT):

Vloek of seën (Gen 9) –
Christian Oberholzer

WEEK 6 (22 MRT):

Torings (Gen 11)
– Arno Meiring

Jy gaan ook vir God leer ken as die Begin van alles. My en jou storie begin by die Here wat ons skep, liefhet, vrymaak en versorg nog vóór ons daarvoor vra. Hy maak ons wie ons is (identiteit), en alles wat ons doen is maar net om vir Hom dankie te sê. Hierdie ding dat die Here ons kies voor ons Hom kan kies, noem ons die verbond: God sluit 'n verbond met ons, knoop Homself vas aan ons. Daarom kan Christene 'n bietjie ligter en vryer deur die lewe gaan.

WAT SKEP GOD?

WEEK 1

GEN 1



GENESIS 1:1-5;

26-31

(1983-

VERTALING)

Lees die teks stadig deur. Let veral op:

- Hoe gereeld God praat
- Wat gebeur ná God praat
- Hoe God telkens verklaar dat dit wat Hy gemaak het, goed is

Vir mense wat 'n nuwe jaar begin met planne, drome en ook onsekerhede, sê Genesis 1 iets bevrydends: jou lewe begin nie by jou idee van hoe dinge moet wees nie, maar by God se woord oor jou. Hy maak alles goed. Hy sit jou op 'n plek. Hy ken jou. Hy wil jou hê.

God praat. God sê. God maak. En God verklaar: dit is goed.

Skeppingsverhaal 1 – Wat skep God?

Wanneer 'n nuwe jaar begin, begin die meeste van ons met 'n plan. Ons dink vooruit oor hoe dinge moet lyk, wat ons wil regkry, waarheen ons op pad is. Selfs wanneer ons onseker is, het ons nog steeds 'n idee van hoe hierdie jaar behoort te wees. En dit is ook GOED so.

Die Bybel begin egter nie met mense wat beplan of besluit nie, maar met God wat praat. Nog voordat iemand iets doen, nog voordat daar enige reaksie is, sê God iets. En wat God sê, bring lewe, lig verskyn, orde ontstaan en plek word gemaak.

Wanneer ons vra: "Wat skep God?" dink ons maklik aan dinge soos lig, hemel, aarde, plante, diere en mense. Maar Genesis 1 wil hê ons moet eers iets anders raaksien. Hierdie hoofstuk is nie geskryf om vir ons te verduidelik hoe die wêreld ontstaan het nie, maar om te wys **wie God is en hoe Hy met sy skepping omgaan.**

Die storie beweeg stadig en ritmies. God praat. Dit gebeur. God kyk. En dan verklaar Hy: dit is goed. Oor en oor. Asof God ons wil laat hoor watter woord die heel eerste oor die wêreld en oor mense gesê word.

Genesis 1 is nie 'n debat nie; dit is 'n belydenis. Dit nooi ons nie om alles uit te *figure* nie, maar om te glo. Om te rus in die wete dat die wêreld nie toevallig is nie, en dat ons lewens nie per ongeluk begin nie.

Voor daar enige menslike aksie is, praat God. Voor daar prestasie of bewys is, verklaar God. **En God se eerste oordeel oor wat Hy gemaak het, is nie kritiek nie, maar dat dit goed is.**

OGGEND

Lees Genesis 1:26–31 stadig.

Moenie vra wat jy met die teks moet doen nie.

Vra eerder: Wat doen God hier?

Hoor hoe God praat.

Hoor hoe God die mens noem.

Hoor hoe God kyk en sê: “dit is baie goed.”

Sit vir 'n oomblik stil by daardie woorde.

Nie om dit te verstaan nie, maar om dit te ontvang.

Sê dan in jou eie woorde:

“Here, as U so oor my praat, wil ek vandag só leef.”

Gaan die dag in met daardie woorde nog by jou.

AAND

- Waar het ek vandag gevoel ek moet myself bewys?
- Waar het ek vergeet wat God reeds oor my gesê het?
- Hoe sou my dag anders lyk as ek leef met die wete “dit is goed”?



EREDIENS NOTAS

- Met watter verwagting het ek na vandag se ereidiens gekom?
- Wat het ek gehoor wat my laat dink het oor God se rol aan die begin van my jaar?
- Watter gedagte of sin wil ek hierdie week saam met my neem?

GROEI GROEPE

YSBREKER

As jy in één woord moes sê hoe hierdie jaar vir jou begin het, watter woord sou dit wees?

LEES, LUISTER EN GESELS SAAM:

- Lees Genesis 1:1–5; 26–31 hardop saam.
- Lees dit weer stil op jou eie.
- Deel twee-twee met mekaar: Wat hoor jy in hierdie teks? Wat verras jou? Wat sê hierdie gedeelte oor hoe God na mense kyk?
- Deel dan met die groter groep wat jou gespreksgenoot gehoor het.

DEEL MET MEKAAR:

- Waarmee begin jy gewoonlik 'n nuwe jaar – planne, drome, vrese?
- Hoe klink dit vir jou dat God se eerste woord oor die skepping “goed” is?
- Wat beteken dit vir jou identiteit dat God praat voordat jy optree?

VRAE VIR VERDERE GESPREK

1. Genesis 1 staan nie alleen nie, maar is 'n teenverhaal teen ander antieke skeppingsverhale waar die wêreld deur geweld en konflik ontstaan. Wat sê dit vir jou oor God se geaardheid?
2. In ons wêreld word waarde dikwels gemeet aan prestasie en sukses. Hoe bots Genesis 1 se "dit is goed" met hierdie manier van dink?
3. As God se woord skep en verklaar, wat beteken dit vir hoe ons vandag na onself en ander mense kyk?

UITDAGING VIR DIE WEEK

- Wanneer jy hierdie week voel jy raak vasgevang in beplanning, vergelyking of selftwyfel, stop en onthou:
God het reeds gepraat.
God het reeds verklaar.
- Leef hierdie week as iemand wat **reeds geken, geplaas en goed verklaar is.**

AFSLUITING

- God is die God wat met sy woord lewe roep en met sy oordeel bevestig:
dit is goed.
- Lees Psalm 8 stadig as 'n gebed van dankbaarheid.

WEEK 2 NOG EEN?

GEN 2



In Genesis 2 kry ons 'n **tweede skeppingsverhaal**. Hierdie een is wel 'n **bietjie anders**: die volgorde van wanneer wat geskep word en hoe dit gebeur, verskil van die bekende ses dae se verloop in Genesis 1. 'n Belangrike vraag om te vra, is hoekom? **Hoekom is daar twee skeppingsverhale aan die begin van die Bybel?** Hoekom verskil hulle van mekaar en hoekom is daar verskillende **name wat vir God gebruik** word in hierdie twee verhale? Dit laat ons wonder: waarop wil die antieke skrywers van hierdie tekste ons aandag fokus met hierdie skeppingsverhaal?

Vergelyk Genesis 1 & Genesis 2 met mekaar. Maak 'n lys van al die verskille in die manier en volgorde van hoe God geskep het.

WELKOM

- Hoekom dink jy is daar aan die begin van die Bybel twee skeppingsverhale wat van mekaar verskil?
- Wat dink jy wil dit vir ons leer oor wie God is?

WONDER

Wanneer ons die Bybel lees, moet ons dit nie net lees om inligting te versamel nie. God nooi ons uit om deur **sy Woord getransformeer te word**. Een manier hoe ons die Bybel op 'n transformerende manier kan lees, is deur die volgende te doen:

- Laat iemand Gen 2:4b–25 hardop lees. Gee 'n oomblik van stilte om self daardeur te lees.
- Laat iemand anders dit 'n tweede keer hardop lees. Lees weer in stilte daardeur en merk op watter verse, frase of gedagte vir jou uitgestaan het.
- Draai twee-twee na mekaar toe en deel met mekaar wat vir jou in die teks uitgestaan het.
- Laat jou gespreksgenoot met die groter groep deel wat hulle by jou gehoor het.
- Wanneer almal klaar gedeel het, kan die groeigroep leier die volgende vrae vra:
 - Waarvan het die Gees julle as groep bewus gemaak terwyl julle na die terugvoer oor die teks geluister het?
 - Wat is die relevansie hiervan vir ons lewens vandag?

WEET

Het jy geweet dat die tweede skeppingsverhaal (Genesis 2:4b-25) ouer is as die skeppingsverhaal in Genesis 1? Dit was heelwaarskynlik iewers in Israel se geskiedenis geskryf toe hulle nog konings gehad het, lank voor die Babiloniese ballingskap waartydens Genesis 1 geskryf was.

Een van die duidelikste merkers in beide die skeppingsverhale wat vir ons wil vertel wat die kern boodskap van daardie verhaal is, lê in die name wat vir God gebruik word. Genesis 1 praat van Elohim en Genesis 2 praat van Jahwe Elohim. Elohim word vertaal met God en Jahwe met Here.

Elohim word gekoppel aan God se skeppingsvermoë en dat Hy die God is wat net hoef te praat en dan is daar lewe; Jahwe was gesien as die Israeliete se persoonlike God. Wanneer die skrywer dus in Genesis 2 praat van Here God (Jahwe Elohim) help hy die leser verstaan dat die God wat die hele skepping aanmekaargesit het, ook die God van persoonlike verhoudings is.

Dit is Hy wat die mens persoonlik aanmekaar sit (dit gebeur al vroeg in die tweede verhaal, terwyl dit eers op die einde gebeur in Genesis 1). Hy het ook sy lewensasem in hulle geblaas, vir die mens gesorg en in die tuin versorg – omdat Hy in 'n persoonlike verhouding met hulle wil leef. Dit is hoekom Genesis 2 baie meer intiem en persoonlik voel wanneer ons dit lees. Genesis 2 is 'n besonderse skeppingsverhaal. Dit vertel van die God wat die heelal geskep het, wat jou ook geskep het en in 'n persoonlike verhouding met jou wil staan!

- As ons die teks met antieke oë lees, raak 'n mens bewus van God se intense behoefte om in 'n persoonlike verhouding met die mens te staan. Wat verhoed ons vandag om Hom toe te laat om daardie persoonlike verhouding met ons te hê?
- Is daar 'n regte of verkeerde manier om 'n persoonlike verhouding met die Here te hê?

WEES

Dit is so wonderlik om opnuut herinner te word aan God se diep behoefte om in 'n persoonlike verhouding met ons te wees. Hy skep ons egter ook met 'n verantwoordelikheid – dit is die mens se opdrag om na die skepping om te sien en dit op te pas. Dit word beklemtoon deurdat die mens vir al die diere hulle name gegee het. Hierdie opdrag van die Here aan die mens gee ons egter nie die vryheid om net te doen wat ons wil nie. Ons het 'n verantwoordelikheid om mooi om te gaan met die skepping en veral met mekaar.

Daar is nie 'n gelyke aan die mens nie, juis omdat God sy lewensasem in ons ingeblaas het. Ons is anders, maar ons is nie God nie. Daarom kan ons nie net doen wat ons wil en roekeloos met die skepping en mekaar omgaan nie. Ons verantwoordelikheid is om na die skepping om te sien, van dier tot mens, en op te pas.

- Wat leer ons oor onself en ons verhouding met God uit Genesis 2?
- Vers 7 vertel vir ons dat God sy lewensasem in die mens se neus ingeblaas het. Hy is in ons. Wat leer dit vir ons oor wie ons is?
- Hoe sou jy hierdie verantwoordelikheid van om “die skepping te bewerk en op te pas” vandag sien? Hoe moet ons dit in hierdie moderne wêreld toepas?
- Deel met mekaar wat julle van die volgende stelling dink en watse invloed dit op ons daaglikse lewens moet of kan hê: “God skep in liefde, deur liefde en vir liefde...”

WORD

Gedurende hierdie week, begin elke dag deur Psalm 8 te lees. Nadat jy dit gelees het, bring lof aan die Here. Dank Hom vir alles wat jy van Hom ontvang het, ook vir jou verhouding met Hom. Hierdie Psalm moet jou ook herinner aan ons besondere verantwoordelikheid dat God ons aangestel het om na sy skepping om te sien en dit op te pas. Hoe gaan jy dit vandag doen?



AFSLUITING

Een ding waarna Genesis 2 ons vir seker wil herinner is dat God die mens geskep het omdat Hy in 'n intieme verhouding met ons wil leef. Hier is 'n kort geloofsbelydenis wat die groep saam hardop kan bely, as teken dat hulle hulself ook weer opnuut toewy om in 'n persoonlike verhouding met die Here God, skepper van die hemel en aarde, en elkeen van ons, te leef:

- Ons glo in God wat alles gemaak het en by ons is.
- Ons glo in Jesus Christus, die Here wat by ons is.
- Ons glo in die Heilige Gees wat in ons woon en by ons bly.
- Ons glo aan die gemeenskap van gelowiges wat ons vashou en saam met ons die pad van die lewe loop.

WEEK 3 VROT APPEL

GEN 3:1-23




Genesis 2:4 tot 3:24 staan ook bekend as die **tuinverhaal**. In Genesis 2 (het ons laasweek ontdek) word 'n tweede, alternatiewe skeppingsverhaal aangebied waar die skepping soos 'n tuin geplant word. God skep 'n wonderlike paradys waar mense ook mekaar ontdek. In Genesis 3 lees ons dan van die moles in die tuin, van die **boom van kennis van goed en kwaad**, van 'n sluwe slang, van Adam en Eva wat verbode vrugte eet, skaam kry, wegkruip en mekaar blameer. Adam en Eva word uit die tuin uitgesit en die hekke gesluit. Maar dit is nie die einde van die storie nie...

Tussen al die verleiding en verwyte wat die karakters mekaar aandoen, is die Here ook stil-stil besig om 'n rol te speel. **Om mee te begin gaan soek Hy na sy mense, roep hulle as hulle vir Hom wegkruip.** Dan straf Hy hulle, maar hulle gaan nie dood soos Hy gewaarsku het nie. (Die straf word versag; mens kan ook die straf sien as die gevolge van hulle **ongehoorsaamheid** dra). God gee ook vir hulle klere om met hulle skaamte te kan saamleef en buite die tuin te kan oorleef. Hy skryf 'n storie van genade bo-oor Adam en Eva se sonde...

Dit lyk of Eva dit die beste snap. **Die lewe buite die paradys is bitter en swaar**, vol dorings en distels en sekerlik ook beskuldigings tussen man en vrou. Eva sou met moeite kinders in die wêreld bring. En tog, toe haar eerste kind gebore word, hardloop sy na God toe, en sy sê: *"Dankie, Here, dat U my gehelp het om hierdie kind te hê."*; Sy noem die kind **Kain**, want, sê sy: *"God het my gehelp om 'n man in die wêreld te bring."* Later, sal ons volgende week sien, vermoor die oudste, Kain, die jongste, **Abel**. Die lewe is rof buite die paradys. Maar Eva het weer swanger geword. Hierdie keer noem sy die kind **Set**, waarmee sy sê: *"God het my in genade aangesien"*. Eintlik asof sy sê: *"Dankie Here, U is 'n ware vriend"*. Eva en God het vriende gebly regdeur die verkeerde keuses, die spyt, en die trane.

EREDIENS NOTAS

- Met watter verwagting kom ek na vandag se erediens?
- Wat het ek in die diens gehoor wat my geraak het?
- Watter nuwe perspektief het vir my oopgegaan tydens die erediens?
- Wat wil ek graag onthou vir die week wat voorlê?



GROEI GROEPE

YSBREKER-VRAE:

Het jy hierdie storie geken?
Wat onthou jy van die storie van Adam en Eva? Die slang en verbode vrugte? Wat was van kleintyd jou indruk daarvan?

*Bid twee-twee saam.
Vra dat die Here julle sal help
om Hom sy stem
te hoor.*

LEES, LUISTER EN GESELS SAAM:

- Lees Gen 3 hardop saam.
- Laat elkeen die teksgedeeltes stil op hulle eie weer deurlees.
- Deel twee-twee met mekaar wat jy in die teks hoor, oplet, oor wonder ens.
- Deel met die groot groep wat jou gespreksgenoot in die teks gehoor het.
- Sien jy ook genade in hierdie storie? Waar?
- Wat sê hierdie gedeelte oor jou identiteit? Oor hoe God oor jou voel?
- Ons almal maak foute. Gen 3 leer mens dat God ons nooit alleen los nie, en help om ons lewens weer op koers te kry. Het jy al beleef dat die Here jou só gehelp het?

VRAE VIR VERDERE GESPREK:

- 'n Mens kan hierdie storie lees as 'n metafoor vir die geskiedenis van Israel: Net soos Adam en Eva, het God vir Israel 'n paradys (die beloofde land) gegee; net soos Adam en Eva was Israel ongehoorsaam; net soos Adam en Eva het God hulle uit die paradys gesit (die Babeloniese ballingskap); net soos Adam en Eva het God ook weer vir hulle
- 'n nuwe toekoms gegee. Dink jy hierdie verduideliking maak sin?
- In die Westerse kerk het die kerkvaders (veral Augustinus) verduidelik dat God vir Adam en Eva volmaak geskep het, maar dat hulle deur hulle ongehoorsaamheid al hulle kinders besoedel het met sonde en skuld (die sogenaamde erfsonde). Dit lyk vir my of hierdie storie meer gaan oor erf-genade: oor God wat tweede kanse vir elke geslag gee. Het jy ook genade geërf?
- In die Oosterse (Griekse en Russiese) kerk glo hulle dat Adam en Eva nog nie volmaak geskep was nie, en juis nog moes groei en leer. Hulle moes kennis kry, en kennis is goed. Die probleem was dat hulle nie die kennis van goed en kwaad by God geleer het nie, maar kortpad wou vat. Hoe leer mens dan kennis en wysheid by God?

AFSLUITING


God is die God wat vir vrot appels tweede kanse gee.
Lees Psalm 103 vers 1-13 as gebed.



UITDAGING VIR DIE WEEK

In Filippense 1 bid Paulus:

9Ook bid ek dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, 10sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom. Dan sal julle op die dag wanneer Christus kom, onberispelik en sonder blaam wees, 11en deur Jesus Christus sal julle geheel en al in die regte verhouding met God wees, tot sy lof en eer. Vra die Here week om vir jou wysheid te leer; dat jou liefde "...al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat jy die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom".



WEEK 4 OPPAS!

GEN 4



GENESIS 4:1-16
(1983-VERTALING)

Lees die hele gedeelte stadig deur.

Let veral op:

- Hoe God met Kain praat **vóór** enigiets gebeur
- Wat God oor Kain se innerlike toestand sê
- Hoe Kain reageer op God se waarskuwing

Genesis 4 is dus net 'n storie oor 'n moord nie. Dit is 'n waarskuwing. 'n Waarskuwing oor wat met ons gebeur wanneer vergelyking ons denke begin oorneem. Wanneer wantroue teenoor God lei tot wantroue teenoor ander mense. En dit is hoekom hierdie storie vir ons vandag nog so relevant is.

Kain se storie begin nie met geweld nie. Dit begin met aanbidding. Met iemand wat probeer reg doen. Met iemand wat doen wat van hom verwag word. Hy bring sy offer na God toe, net soos sy broer. Hulle staan voor dieselfde God, in dieselfde ruimte, met dieselfde hoop: dat God hulle sal raaksien.

Maar toe gebeur iets wat Kain nie verstaan nie. **God aanvaar Abel se offer, maar nie syne nie.** Die Bybel sê nie hoekom nie. Dit probeer dit ook nie verduidelik nie. En dit is belangrik, want die **doel van die storie is nie om God se keuse te verklaar nie, maar om te wys wat in 'n mens gebeur wanneer dinge nie uitwerk soos jy gedink het dit sou nie.** Die teks sê eenvoudig: Kain se gesig begin hang, en hy raak kwaad. En êrens diep binne-in hom kom die gedagte op: miskien is God nie regtig regverdig nie. Miskien is God nie so goed vir my soos vir ander nie. Miskien moet ek myself begin beskerm.

Volgens Bybelkenners is dit presies hier waar die gevaar lê. **Wanneer 'n mens ophou glo dat God goed is, begin jy jouself met ander vergelyk.** Dan kyk jy nie meer na God om jou waarde te bepaal nie, maar na mense rondom jou. **En skielik is 'n broer nie meer net 'n broer nie, maar 'n maatstaf. 'n Kompetisie. 'n Bedreiging.** God sien dit raak lank voordat Kain iets doen. Daarom praat Hy met hom. Hy waarsku hom. Hy sê vir hom hy moet **OPPAS**, want sonde **begin nie by dade nie, maar by wat in jou hart groei wanneer jy dit nie raaksien of erken nie.**

EREDIENS NOTAS

- Met watter gevoel het ek vandag die erediens binnegekomp?
- Wat in die verhaal van Kain en Abel het my ongemaaklik gemaak?
- Watter waarskuwing hoor ek vir my eie lewe?

OGGEND

Lees Genesis 4:6–7 stadig.

Lees dit asof God mét jou praat, nie oor jou nie.

“Waarom is jy kwaad?

Waarom hang jou gesig?”

Moenie probeer antwoord nie.

Hoor dit net as 'n vraag van God, nie 'n beskuldiging nie.

Sit dan 'n oomblik stil en vra jouself net een van hierdie vrae (nie almal nie):

- Wat maak my tans swaar of gespanne?
- Waar voel ek geïrriteerd sonder dat ek presies weet hoekom?
- Wat in my lewe voel asof dit my van binne af druk?

Bly stil. Jy hoef niks reg te maak nie. Luister net.

AAND

- Waar het ek vandag iemand anders met myself vergelyk?
- Waar het jaloesie, irritasie of minderwaardigheid my reaksies beïnvloed?
- Waar het ek gevoel ek moet myself beskerm?

Vra God om jou hart eerlik te wys.

GROEI GROEPE

YSBREKER

Wat is iets kleins wat jou hierdie week onverwags geïrriteer het?

LEES, LUISTER EN GESELS SAAM:

- Lees Genesis 4:1–7 hardop saam.
- Lees dit weer stil.
- Gesels twee-twee: Wat dink jy gaan in Kain se hart aan? Watter keuses het Kain gehad wat hy nie gebruik het nie?
- Deel met die groot groep: Wat verras jou van God se optrede in hierdie storie? Waar sien jy God se genade, selfs hier?

DEEL MET MEKAAR:

- Waarmee vergelyk jy jouself die meeste? Akademie? Sosiale lewe? Liggaam? Geloof?
- Hoe laat vergelyking jou oor jouself en ander voel?
- Wat gebeur met jou verhouding met God wanneer jy begin dink Hy is nie regverdig nie?

VRAE VIR VERDERE GESPREK

1. God waarsku Kain vóór die moord. Wat sê dit vir jou oor God se hart en geduld?
2. Genesis 4 wys dat sonde nie net 'n daad is nie, maar iets wat binne-in begin. Hoe sien jy dit in jou eie lewe?
3. God vra vir Kain: "Waar is jou broer?" Waarom dink jy vra God hierdie vraag, al weet Hy reeds die antwoord?
4. Wat sou gebeur as ons mekaar minder as bedreigings en meer as broers en susters begin sien?

UITDAGING VIR DIE WEEK

Wees hierdie week wakker vir vergelyking met ander.
Wanneer jy jouself betrap om te dink:
"Hoekom kry hy/sy dit en ek nie?"
stop, en sê bewustelik:

God is goed.
God het genoeg.
Ek hoef nie te beskerm wat Hy reeds gee nie.

Bid vir iemand met wie jy jouself vergelyk.

AFSLUITING

Lees Psalm 139 stadig as 'n gebed.

WEEK 5 SLUR DRUIWE

GEN 9



Dink terug aan jou Sondagskool dae. Een van die top 10 bekendste Bybellesse, wat altyd op 'n kreatiewe manier aangebied was en honderde verskillende inkleur prente gehad het, is die verhaal van **Noag se ark en die reënboog ná die groot vloed**. Maar het jy geweet dat dit nie die einde van Noag se verhaal was nie? Net ná God se belofte dat Hy met Noag en sy familie 'n **nuwe verbond sou sluit**, gebeur die grootste **familie-drama** waaraan jy kan dink, en dit was alles behalwe reënboë en sonskyn gewees. Hierdie is die verhaal van Noag, **sy wingerd en hoe hy kaal in sy tent uitgepaas en sy kleinseun vervloek** het (*ons raai jou nie aan om dit vir jouself te gaan uittoets nie*).

WELKOM

Argeoloë kan vandag bevestig dat daar rondom 2900 v.C. 'n groot vloed in die ou Nabye-Ooste was.

- Kan jy onthou: Vertel van die kreatiefste maniere hoe mense die verhaal van Noag se ark aan jou oorvertel het tydens Sondagskool.
- Wat dink jy: Kan dit dalk die rede wees waarom dinosourusse uitgesteRF het? Omdat daar nie vir hulle plek op die ark was nie?

WONDER

Wanneer ons die Bybel lees, moet ons dit nie net lees om inligting te versamel nie. God nooi ons uit om deur sy Woord getransformeer te word. Een manier hoe ons die Bybel op 'n transformerende manier kan lees, is deur die volgende te doen:

- Laat iemand Genesis 9:18-29 hardop lees. Gee 'n oomblik van stilte om self daardeur te lees.
- Laat iemand anders dit 'n tweede keer hardop lees. Lees weer in stilte daardeur en merk watse vers, frase of gedagte vir jou uitgestaan het.
- Draai twee-twee na mekaar toe en deel met mekaar wat vir jou in die teks uitgestaan het.
- Laat jou gespreksgenoot met die groter groep deel, wat hulle by jou gehoor het.
- Wanneer almal klaar gedeel het, kan die groeigroep leier die volgende vrae vra:
 - Waarvan het die Gees julle as groep bewus gemaak terwyl julle na die terugvoer oor die teks geluister het?
 - Het hierdie temas waarvan julle bewus geword het, enige relevansie vir ons lewe vandag?

WEET

Die **vloed verhaal** in Israel se geskiedenis was 'n simbool van hoe die God (Jahwe Elohim) wat hulle aanbid het, anders is as al die ander gode wat die verskillende volke van die tyd aanbid het. Die ander gode was bekend daarvoor dat hulle hulle mense sou uitroei as hulle iets verkeerd gedoen het teenoor daardie gode. **Maar hierdie God (Jahwe Elohim), is anders.**

Hy bewys aanhoudend genade, ten spyte van die mens se aanhoudende keuses om volgens hulle eie wil te leef. Dit is juis waarvan die **reënboog 'n teken is**: van die verbond wat God met sy kinders sluit. Dit herinner ons daaraan dat God nog altyd Homself aan ons verbind en ons kies, al is ons baie keer hardkoppig en eie wys.

Dit maak Noag se reaksie teenoor sy seun en kleinseun so vreemd en verstommend. God het dan nou net 'n paar verse van tevore vir Noag en sy mense herinner aan sy groot genade, en die eerste kans wat Noag kry, spreek hy 'n vloek uit oor sy kleinseun. Wat gaan hier aan?

In die antieke tyd het eer en skaamte 'n groot rol in die alledaagse lewe gespeel. As iemand iets gedoen het wat jou eer negatief beïnvloed het, het dit jou plek en posisie in die samelewing groot skade aan gedoen. Die skrywer van die verhaal lewer nie kommentaar oor Noag se dronkenskap nie, en die verhaal wil ook nie iets sê oor wyn drink of dronkenskap en naaktheid nie.

Dit wil vir ons iets sê oor mense en mense se keuses.

Die feit dat Gam sy pa kaal gesien het, weg geloop het en almal daarvan vertel het, is wat vir die skrywer verkeerd is. Hy het só sy pa se eer aangetas.

Die ander twee broers doen die eerbare ding en loop agteruit om hulle pa toe te gooi. Hulle wil niks sien nie en hom eerder probeer beskerm.

Vir ons is hierdie 'n baie vreemde verhaal. Noag se hardvottige optrede hou verband met die feit dat hy, volgens daardie tyd se gebruik, sy eer moes verdedig. Hoekom tree hy dan so hard op teenoor sy kleinseun, as dit sy seun was wat sy eer skade aan gedoen het? Gam se gebrek aan respek word met 'n **gebrek aan respek** beantwoord. Tyd het ons al geleer dat waar respek ontbreek, dinge tussen mense skeefloop. Dink maar ook aan Israel se geskiedenis – hulle aanhoudende disrespek teenoor mekaar, ander nasies en God is wat hulle in groot moeilikheid laat beland het.

- Hoe laat dit jou voel om te weet dat God Homself aan jou verbind ten spyte van wat jy kies om te doen?
- Wat dink jy is respek?
- Hoekom moet dit (respek vir jou mede-mens) vir 'n gelowige belangrik wees?
- Wat leer ons uit die Noag-verhaal by God oor respek?

WEES

Ons lewe vandag in 'n wêreld waar respek verdien moet word. Respek is nie meer noodwendig aan 'n posisie gekoppel soos 'in die ou dae' nie. Dit is vandag vir ons maklik om mense af te skryf of te 'cancel'. Dit gebeur ook sommer vinnig. Maar God vra tog dat ons met respek teenoor ons mede-mens sal optree. Hoekom? Want nie net verhoed dit dat verhoudings afgebreek en seer kry nie, dit beklemtoon ook ons gehoorsaamheid aan sy wil. Waar Israel met disrespek en ongehoorsaamheid teenoor God en sy voorskrifte opgetree het, het dit net verwoesting, pyn en baie hartseer vir hulle tot gevolg gehad. God wil dit nie vir ons hê nie. Daarom leer Jesus ons ook om met 'n wedersydse respek teenoor ander op te tree en om aanhoudend te leer om ons naaste lief te hê soos ons vir God, die Een wat Homself aan ons verbind, lief het.

- Wat leer hierdie teks vir ons oor mense?
- Respek is nie meer iets wat met 'n posisie kom nie. Wat is die gevare van respek wat bloot deur posisies bepaal word? Hoe word respek deesdae verstaan?
- Hierdie laat ons beseef hoe groot God se genade vir die mens werklik is. Wat beteken Sy genade vir jou?
- Hoe leer Jesus ons vandag om anders op te tree? En wat maak dit moeilik?

WORD

Een van die beste maniere hoe ons kan groei in ons gehoorsaamheid aan die Here en in ons respek teenoor ons mede-mens, is om oop te wees daarvoor dat God ook deur ander met ons kan werk.

God stuur daaglik "Godsgeskenke" oor ons pad, en ons mag dit dalk net mis as ons nie oop is daarvoor dat Hy dit ook vir ons deur ander wil gee nie. Aan die einde van elke dag van hierdie week, doen die volgende oefening om te sien waar jy 'n "Godsgeskenk" ontvang het:

Stap 1: Vat 'n oomblik om stil te word en te reflekteer oor jou dag.

Stap 2: Wie was die mense met wie jou pad gekruis het? Jy kan hulle name neerskryf. Byvoorbeeld: 'Piet'; 'Die persoon wat vir jou plek gemaak het op kampus'; ens.

Stap 3: Watter een van hierdie ontmoetings staan vir jou uit? Reflekteer oor hierdie 'ontmoeting'.

Stap 4: Nadat jy gereflekteer het oor die 'ontmoeting', dink daarvoor aan die hand van die volgende vrae:

1. Hoe was God in hierdie ontmoeting teenwoordig of afwesig?

2. Watter geleentheid het God my gegee om liefde te ontvang of om liefde te gee?



AFSLUITING

Sluit die ontmoeting af deur hierdie gebed vir die groep te bid.

Jy kan dit ook jou persoonlike gebed vir die week maak:

Here, U wat die mense liefhet wat ek nie kan verdra nie,

U wat die hart verstaan van hulle wat ek nie kan begryp nie,

U wat die innerlike worsteling ken van hulle wat ek ignoreer,

U wat die goeie motief sien in mense se optrede wat ek as skynheilig beskou –
open tog my oë en my hart.

U ken my beter as wat ek myself ken; U het my liefwer as wat ek myself liefhet.

Here! Leer my liefhê met U liefde.

Amen!

WEEK 6 TORINGS


GEN 11:1-8



In die vroeë 1990's was daar 'n reeks op TV met die naam "Torings" wat gegaan het oor die drama en gekonkel van 'n paar ryk en belangrike families in Suid-Afrika. Hulle het gedink hulle is die torings van die samelewing... (Die voorloper vir hierdie reeks was "Konings" !) Dit is waaroor Genesis 11 gaan – oor **mense wat te groot vir hulle skoene is**.

Dit is nie toevallig dat hierdie toring in Babel gebou word nie. Die mense wat later die storie neergeskryf het, was deur die einste Babeloniërs verslaan en in ballingskap weggevoer.

Die Babeloniërs het hulleself groot gehou – ons storie sê dis ook nie die eerste keer nie. **Hierdie Babel(oniërs) was nog altyd baie arrogant.**



Ons teks spot met hulle: Hulle bou 'n ziggoerat (piramide-agtige) toring om aan die hemel te raak, maar nogtans moet God uit die hemel afkom om te sien wat hierdie miertjies van mense hier onder rond doen. Hulle is nog ver van die hemel.

Die mense van Babel bou die toring sodat hulle nie oor die aarde sal versprei nie, maar dit is presies wat gebeur. Hulle slaag ook nie in hierdie doel nie. Die toring wat hulle grootheid en mag moes wys is hulle totale mislukking.

Daar is ook 'n snaakse woordspeling aan die gang: God "verwar" hulle taal, letterlik *balal* in Hebreeus; hulle is "Babel". Die skrywers lag vir die Babeloniërs wat maar 'n dom en deurmekaar klomp is.

Die boodskap is eenvoudig: om arrogant te wees, te veel van jouself te dink, is onnosel!

EREDIENS NOTAS

- Met watter verwagting kom ek na vandag se erediens?
- Wat het ek in die diens gehoor wat my geraak het?
- Watter nuwe perspektief het vir my oopgegaan tydens die erediens?
- Wat wil ek graag onthou vir die week wat voorlê?

GROEI GROEPE

YSBREKER-VRAE:

Het jy al mense teëgekom wat ook so arrogant was? Hoe het jy daaroor gevoel? Wat het gebeur?

Bid twee-twee saam.
Vra dat die Here julle sal help
om Hom sy stem
te hoor.

LEES, LUISTER EN GESELS SAAM:

- Lees Gen 11 hardop saam.
- Laat elkeen die teksgedeeltes stil op hulle eie weer deurlees.
- Deel twee-twee met mekaar wat jy in die teks hoor, oplet, oor wonder ens.
- Deel met die groot groep wat jou gespreksgenoot in die teks gehoor het.
- Ons sien gou arrogansie in ander raak; dit is ook belangrik om ons eie arrogansie of hoogmoedigheid te erken. Dink jy, jy is ook soms arrogant?
- Watter planne kan mens maak om nie so selfvoldaan te wees nie?
- Watter geloofsgewoontes kan ons help om nie te veel (of te min) van onself te dink nie?

VRAE VIR VERDERE GESPREK:

- Het jy al gehoor van “geestelike hoogmoedigheid”? Dit is wanneer jy dink jy is ‘n beter Christen as ander mense. Het jy dit al raakgesien? Wanneer loop ons die gevaar om geestelik hoogmoedig te wees?
- Genesis 10 en 11 is (soos die twee skeppingsverhale) verskillende vertellings deur verskillende skrywers wat teenstrydige stories vertel. In Genesis 10:5, 20 en 31 lees ons dat mense oor die aarde versprei is, elk met hul eie taal. In Genesis 11 is almal bymekaar en hulle praat een taal! Hoe werk dit? Genesis 11 vertel nie die storie van die ganse mensdom nie, maar netvan die Babiloniërs wat in Sinar gaan bly het (10:10 en 11:22). Hoofstuk 10 vertel van die afloop van Noag se verhaal en hoe die Here se belofte waargeword het; hoofstuk 11 waarsku teen arrogansie. Is jy verras deur hierdie twee stories? Hoe laat dit jou oor die Bybel dink?



AFSLUITING

Bid Koos du Plessis se Gebed as afsluiting:

Laat my nooit die grond verlaat nie
Laat my in U skadu bly
Gee dat elke aardse vreugde
En vrees
Eindelik nietig word vir my
Elke afdraai paadjie ken ek
Elke keer het ek verdwaal
Elke keer het U my iewers kom haal
Maak dit Heer die laaste maal
Elke dag is 'n gedagte
Elke kamer net gehuur
Elke aardse se droom van rykdom
En roem
Net 'n skadu teen die muur
Wat ek is, is net genade
Wat ek het is net geleen
Eintlik smag ek na U waters van rus
Lei my Heer vanaand daarheen
Wat ek is, is net genade
Wat ek het is net geleen
Eintlik smag ek na U waters van rus
Lei my Heer vanaand daarheen.

UITDAGING VIR DIE WEEK

Een manier om te keer dat ek arrogant word, is om op die Here en te fokus te besef dat alles wat ek het, alles wat ek is, net genade is. Probeer hierdie week raaksien wat die Here alles doen en loof en prys Hom in jou gebede.

